

Hoofstuk van die dag: Esra 8

> *Ek was skaam om vir die koning soldate en ruiters te vra om ons teen vyande langs die pad te help. Ons het vir die koning gesê ons God sorg goed vir almal wat Hom dien en Hy straf almal swaar wat Hom verlaat. (vers 22)*

Dis maklik om te praat oor wat God kan doen. Ons bely immers dat Hy almagtig is. Dis nie altyd so maklik om jou belydenis

in die praktyk uit te leef nie.
Die reis wat Esra aangepak het, was lank en moeisaam; ’n trek van 1600 km wat 4 maande geduur het. Oorlog tussen strydende nomade-groepe en bende-aanvalle op reisigers was aan die orde van die dag. Om in dié omstandighede met ’n waardevolle vrag (vers 26-27) op pad te wees, klink na malligheid. Die reis het egter sonder voorval geskied, want God het hulle beskerm (vers 31).
Esra se geloofsmoed daag ons vandag uit om te doen wat ons bely. Wat help dit ons praat oor vertroue in God alleen, maar dan, wanneer dinge warm word, gryp ons na allerhande ander sekuriteite?
Onthou gerus 2 Kron 16:9: “Die Here het sy oë oral op die aarde sodat Hy dié kan help wat met hulle hele hart op Hom vertrou.”

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026